NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

MUSIEK: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 1½ uur 50 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminatore van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

IEB Copyright © 2020

VRAAG 1

1.1 Skryf die toonleer van B♭ harmoniese mineur, dalend, sonder 'n toonsoortteken. Gebruik een maat in die gegewe tydmaatteken sonder om enige rustekens te gebruik.



Toonleer = 1

Korrekte gebruik van 5/4-tyd = 1 (Enige ritme aanvaarbaar)

1.2 Voeg die majeurtoonsoortteken van die eerste noot en enige nodige skuiftekens by om 'n Blues-toonleer te skep.



Toonsoortteken = 1

Toonleer = 1

1.3 1.3.1 Identifiseer die modus.



Modus: **Lidiese modus in D (1)**

1.3.2 Gebruik dieselfde beginnoot as 1.3.1 en skryf 'n modus met drie molle. Skryf sonder 'n toonsoortteken en gebruik kwartnote. Benoem die modus wat jy geskryf het.



IEB Copyright © 2020

Modus = 1

Lokriese modus in D = 1

1.4 Vul die ontbrekende note in om 'n heeltoon-toonleer te skep.



Toonleer = 1

1.5 Die volgende note kan beskryf word as:

	Die dominant en submediant in F♯ mineur
	Die mediant en leinoot in A majeur (1)
	Die leinoot en subdominant in D majeur

1.6 Voeg een noot by elke akkoord wat met 'n sterretjie gemerk is om geskikte brug- of kadensiële progressies te skep. Noem die toonsoort en besyfer die akkoorde wat jy skep. Jy moet 'n dominantsewendeakkoord insluit.



Benoeming van toonsoort = 1

Elke noot korrek geskryf met korrekte besyfering = 1 × 5 = 5

IEB Copyright © 2020

1.7 Bestudeer die uittreksel hieronder en identifiseer DRIE (3) kenmerke wat in die musiek aanwesig is.



Herhaling	Chromatiese toonleer	Altviool
Tonikadrieklank	**Kamerensemble**	Majeur- en mineurtonaliteit
Gestryk	Onreëlmatige tydmaattekens	**Gebruik van dempers**

(3)
[18]

VRAAG 2

Verwys na **Bylaag A** in die Hulpbronboekie.

2.1 Identifiseer die musiekvorm van **Bylaag A**.
Binêre vorm (1)

2.2 Noem die tonikatoonsoort van die stuk.
G mineur (1)

2.3 Noem 'n mineurtoonleer wat die vyf note gemerk "A" bevat.
C mineur/G melodiese mineur (1)

2.4 Besyfer die akkoorde gemerk (i), (ii) en (iii).

(i) **Vb/V^{6}** (1)
(ii) **VI** (1)
(iii) **ic/i$^{6}_{4}$** (1)

Nagesien met deurlopende akkuraatheid van 2.2 af.

IEB Copyright © 2020

2.5 Identifiseer die komposisietegnieke gemerk "S" en "T".

(S): **Nabootsing** (1)
(T): **Sekwens** (1)

2.6 2.6.1 Noem die toonsoort en kadens gemerk "X".
Toonsoort: **D mineur** (1)
Kadens: **Volmaak** (1)

2.6.2 Watter verband het hierdie toonsoort met die tonikatoonsoort van die stuk?
Dominant (1)

2.7 Dui die nieharmoniese note gemerk "P" en "Q" aan.

P	**Antisipasie**	Wisselnoot	Pedaalpunt	Terughouding
Q	Antisipasie	Wisselnoot	Pedaalpunt	**Terughouding**

1 punt per korrekte antwoord

2.8 Gebruik maat 2 van die Viool 1-gedeelte (hieronder gegee) om omkering te toon.



OF

OF

OF

½ punt per interval = 2

[15]

IEB Copyright © 2020

VRAAG 3

3.1 Dui die seksie aan waaruit die volgende uittreksels uit die vierde beweging van Beethoven se vyfde simfonie geneem is:



Uiteensetting Oorgang	Uiteensetting Kodetta	**Ontwikkeling**	Terugkeer Newetema	Terugkeer Koda



Uiteensetting Oorgang	Uiteensetting Kodetta	Ontwikkeling	**Terugkeer Newetema**	Terugkeer Koda



Uiteensetting Hooftema	Uiteensetting Kodetta	Ontwikkeling	Terugkeer Newetema	Terugkeer Koda



Uiteensetting Hooftema	**Uiteensetting Kodetta**	Ontwikkeling	Terugkeer Newetema	Terugkeer Koda

½ punt per korrekte keuse = 2

3.2 Beethoven het sy vyfde simfonie gekomponeer op 'n tydstip toe hy probeer het om musiek te komponeer wat grootser en meer emosioneel was as ooit voorheen. Beskryf hoe Beethoven struktuur, tonaliteit en toonkleur gebruik het om sy nuwe musikale uitkyk in die vierde beweging van hierdie simfonie te verwesenlik.

Element	Beskrywing
Struktuur (2)	**Brei die ontwikkelingseksie uit deur 'n passasie uit die 3de beweging by te voeg. Koda uitgebrei om 'n 2de ontwikkeling-seksie te word.**
Toonkleur (2)	**Primêre akkoorde wat aan die begin en die einde van die beweging deur 'n volle orkes teen 'n forte dinamiek gespeel word, skep 'n grootse klank.** **Gebruik van horings om oorgangstema te speel is doelbewus om 'n grootse klank te skep.** **Ander korrekte antwoorde sal aanvaar word**
Tonaliteit (1)	**Musiek is in C majeur eerder as C mineur**

IEB Copyright © 2020

3.3 Bestudeer **Bylaag B**, **Bylaag C** en **Bylaag D** in die Hulpbronboekie.

3.3.1 Kies die komponis van elke stuk uit die lys wat hieronder voorsien word.

Beethoven	Cage	Debussy	Hindemith	Mozart	Schoenberg

	Komponis
Bylaag B	Mozart
Bylaag C	Beethoven
Bylaag D	Debussy

1 punt indien almal korrek. Andersins 0 punte.

3.3.2 Voltooi die tabel om stilistiese eienskappe van die komposisietydperk van elkeen van die stukke in Bylaag B, C en D te identifiseer.

	Bylaag B	**Bylaag C**	**Bylaag D**
Uitvoerings-aanwysings	**Slegs dinamiek en beperk tot p, f en mfp.**	**Hoofsaaklik dinamiek maar nou 'n groter omvang van pp tot ff. Gebruik ook *dolce* (soet) as instruksie aan die uitvoerders.**	**Baie verskillende uitvoerings-aanwysings. Baie verskillende dinamiekmerk-tekens.**
Verskeidenheid van instrumente	**Snaarinstrumente met klein blaas- en koperblaasseksie plus pouke.**	**Snaarinstrumente plus uitgebreide blaasseksie wat piccolo en kontrafagot insluit, uitgebreide koperblaasseksie wat trombone en pouke insluit.**	**Snaarinstrumente verdeel in 9 partye. Blaasseksie wat Engelse horing, horings insluit. Perkussie – antieke simbale.**
Gebruik van instrumente	**Vioolmelodie met blaasinstrumente wat uitsluitlik gebruik word vir harmoniese begeleiding.**	**Snaarinstrumente speel die melodie maar met 'n uitgebreide rol vir die houtblaas-instrumente.**	**Elke instrument word vir sy unieke toonkleur gebruik. Houtblaas-instrumente speel die meeste van die melodieë met snaarbegeleiding.**

(9)
[17]

Totaal: 50 punte

IEB Copyright © 2020